

TRAVELS IN
HYPED REALITY ✓

Vrye Weekblad

5 - 11 FEBRUARIE 1993 R3,00 (BTW INGESLUIT)

BOESAK SE EERSTE LIEFDE
MATIE-MAFIA SE MAG GEBREEK
SUID-AFRIKA: DIE RARE FEITE
AIDS: HOE SEKER IS JY?

FOR THE VOYEURS:
HEARTS OF DARKNESS



ANC & SACP:
THE ALLIANCE CONTINUES



INHOUD N^o 208

5 - 11 FEBRUARIE 1993


7 & 8 The ANC/SACP alliance: Chris Hani, in an interview with **WALLY MBHELE**, says the SACP won't part with the ANC



12 & 13 Going, going, gone... Are you staying for keeps, or are you packing for Perth

19 - 21 Suid-Afrika en haar mense in 'n oogwink... Het jy geweet 1 591 swart Suid-Afrikaners sê hulle behoort tot die Joodse of Hebreeuse godsdiens? Of dat amper tien duisend wit Suid-Afrikaners tot swart kerke behoort? Maar jy hoef nie te wonder hoeveel swart, bruin en Asiër lidmate die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) het nie, vertel **ESMA ANDERSON** so tussen 'n see van syfers deur

22 & 23 **Virtual Reality** is a process whereby the human senses are hooked to a computer system so that the user can interact with the computer in an otherworldly space. If you think that sounds like crazy talk, you're not the only one. **CHARL BLIGNAUT** dismisses the hype, but still ends up pretty damn excited about the latest revolution cooking on the information front



AKTUEEL

- 5 BOESAK SE EERSTE LIEFDE
- 6 DIE STRYD OM DIE BRUIN STEM
- 9 MATIE-MAFIA SE MAG GEBREEK
- 14 AIDS: HOE SEKER IS JY?

MENSE/PEOPLE

- 16 MARTIE HERTZOG PRAAT OOR DIE OU DAE
- 17 INA VAN DER LINDE TALKS TO THE ARCHBISHOP OF CANTERBURY

RUBRIEKE & MENINGS

- 4 BRIEWE VAN ONS LESERS
- 10 BROLLOKS
- 24 REGSPRAATJIES
- 25 WOMEN'S RIGHTS? YOUR ONLY HOPE IS THE CARVING KNIFE
- 32 NETTIE PIKEUR EN PLANT 'N BOOM
- 33 KLIPOOG ON THE WEEK'S TV

BOEKE/BOOKS

- 26 PETER VALE ON THE BLACK MAN'S BURDEN
- 28 LIBERTYN OOR DIE LESER WAT GEMINAG WORD

KUNS EN VERMAAK

- 29 CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN TALKS TO JAZZMAN LOUIS MOHOLO
- 30 AN EXHIBITION OF PICTURES FROM TWO CONTINENTS
- 31 MATSEMELA MANAKA GOES MAINSTREAM
- 34 YAMINA EN DROOMSMOKKELAAR SMOKKEL MET CHARL BLIGNAUT SE KOP
- 35 PAUL SLAB DOEN DIT WEER
- 36 HEARTS OF DARKNESS: THIS ONE'S FOR THE VOYEURS

GIDSE

- 38 WATTER MOVIE WYS WAAR
- 40 VRYE KEUSE

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike nuustydskrif wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. No. 88/40168/06).

WENDING PUBLIKASIES BEPERK EN VRYE WEEKBLAD SE ADRES IS:
Breesstraat 153, Newtown, Johannesburg.
POSADRES: Posbus 177, Newtown 2113.
TELEFOON: (011) 836-2151
FAKS: 838-5901.

PRETORIA-KANTOOR (012) 83-4879.

REDAKTEUR: Max du Preez

ASSISTENT-REDAKTEURS: Andrea Vinassa (kuns),

Ina van der Linde, Ivor Powell

POLITIEKE KORRESPONDENT: Hennie Serfontein

SUB-REDAKTEUR: Fyk Hattingh

KOPIEREDAKTEUR: Johannes Bruwer

ONTWERP: Anton Sassenberg

VERSLAGGEWERS: Christele Terreblanche, Pearlle Joubert,

Esma Anderson, Wally Mbhele, Charl Blignaut, Christi van der Westhuizen

OMGEWINGSKONSULTANT: Tienie du Plessis

REDAKSIE ASSISTENT: Nicolette Viljoen

FOTOREDAKTEUR: Saly Shokend

FINANSIËLE BESTUURDER: Mark Beare

BESTUURDER (BEMARKING EN ADVERTENSIES): Lille van der Walt

ASSISTENT FINANSIËLE BESTUURDER: Louwrens Potgieter

KANTOOR-ASSISTENTE: Joseph Moetaesi, Vernon Zulu

so sê hulle

"Ek vind dit uiters irriterend om te vlieg van die lughawe DF Malan in Kaapstad tot by die lughawe PW Botha op George en dan na die lughawe HF Verwoerd in Port Elizabeth."

ALBIE SACHS, lid van die uitvoerende komitee van die ANC

"This is an awkward time for cartoonists. There's all this hope in the air. We thrive on despair."

Political cartoonist **DOUGH MARLETTE**, on Clinton's inauguration

"Ek wil bevestig dat niemand in die BSB enigiets gedoen het wat nie gemagtig was nie. Sommige kon dalk die werkprosedure verkeerd toegepas het, maar niks is ongemagtig gedoen nie."

JOE VERSTER, gewese besturende direkteur en inligtingskoördineerder van die ontbinde BSB, in reaksie op 'n uittaling van genl Magnus Malan dat 'n klein element in die BSB sonder magtiging opgetree het

"As jy sukses bereik het, is dit die aangewese tyd om te stap... soos nou. Maar as daar aanslae teen jou is en mense kwaadwillig besig is met 'n proses van aftakeling, en jy het geen skuld en aandagigheid daaraan nie, dan hardloop jy nie weg nie. Dan baklei jy, want jy baklei mos vir 'n goeie saak. Daarom het ek oor die BSB en die ander beskuldigings eerlik en opreg my standpunt gegee."


Genl **MAGNUS MALAN** op 'n vraag hoekom hy nou bedank en nie destyds toe daar sterk aandrang daarop was oor die BSB nie

"Die PAC kan nie en sal nie die koeël los totdat 'n verkiesing gewaarborg is nie."

BENNY ALEXANDER, sekretaris-generaal van die PAC, oor hul besluit om voort te gaan met die gewapende stryd

"Ons boere is vredeliewende mense, maar as dit waarvoor ons lief is van ons weggeneem word, het ons geen ander keuse as om tot geweld oor te gaan nie. Pres FW de Klerk en sy onwettige regering laat ons geen ander keuse as om tot geweld oor te gaan nie. Hy moet die gevolge daarvan dra as iemand in die stryd doodgaan."

ANDREW FORD, leier van die Boere-Weerstandsbeweging, oor dié organisasie se militêre veld, die Boere-Republikeinse Leër, se voorbereidings vir gewapende stryd



Caption: Dov Fedler in *The Star*

het jy geweet?

Sowat 54,8 miljoen mense (soldate sowel as burgerlikes) is in die Tweede Wêreldoorlog dood.

Sowat 75 miljoen mense is in Europa en Asië dood weens die plaag (die Swart Dood) in die jare 1347 tot 1351.

Sowat 141 000 mense is dood toe die atoombom op 6 Augustus 1945 op Hiroshima gewerp is. Die bom - Little Boy - was 3,04 m lank, het 4 080 kg geweeg en het 509 m bo grondvlak ontplof.

vrydagoggend

met max du preez



Wat sê die taxi-debakel vir ons?

HOE nader ons beweeg aan 'n regering wat alle landsburgers verteenwoordig, hoe meer neig mense om enige voorval in die gemeenskap aan te gryp en op die toekoms te projekteer.

Só was dit ook met die taxi-chaos in Johannesburg dié week.

"Die bliksems dink al klaar hulle is alleen baas - kan jy jou indink hoe dit volgende jaar dié tyd sal gaan?" vra 'n bankamptenaar my. (Ek het nog altyd gedink hy is 'n DP-rige soort.)

"Hoe is dit dat swartmense chaos veroorsaak net sodra jy hulle mag gee?" vra 'n sakeman-buuman van VWB. (Die taxi-konflik het by ons voordeur in Newtown gewoed.)

"Swartmense dink vryheid beteken hulle kan wild raak" sê 'n Indiër-sakeman teenoor my.

En Woensdagoggend toe ek in Kaapstad aankom, vra 'n bruin taxibestuurder my uit oor die gebeure in Johannesburg. Ek vertel so neutraal moontlik, maar sy kommentaar bly: "Front-end loaders. Julle moet front-end loaders instuur en al die taxi's platdruk wat die verkeer blok. Daai mense verstaan net geweld. As hulle nie voel nie, leer hulle nie. Dis nou Afrika vir jou."

Eintlik is die taxi-protos 'n normale, gesonde verskynsel wat in alle demokrasieë voorkom: 'n drukgroep uit die private sektor wat meen 'n plaaslike owerheid behandel hulle sleg, en nou protesteer hulle daarteen.

Soos die boere in Frankryk wat hul aartappels en kool op die hoofpaaie stort uit protes teen die landboubeleid. Ontwrigtend en irriterend vir ander, maar vreedsaam en doeltreffend.

ONGELUKKIG HET DIE taxi-protos nie so uitgewerk nie. Alles hier by ons het mos altyd met ras en nasionale magspolitië te doen. En protes en bloedvergieting gaan altyd hand aan hand.

Laat ek eerlik wees: dis moeilik om sonder ergemis aan die minibus-taxi's te dink. Synde iemand wat elke dag deur die hart van die Johannesburgse middestad werk toe ry, is taxi-bestuurders nie juis my gunsteling-mense nie. Ek het al meer op taxi-bestuurders gevloek as enige ander spesie ter wêreld. Hulle is gevaarlik, arrogant, brutaal en onbeskof wanneer hulle agter die stuurwiel sit.

Daarom was daar bittermin simpatie met hul buitensporige eise dié week. Gee toe aan al dié eise en hulle raak dalk net nog gevaarliker.

Vooroordele en ergemis ter syde; wat sê die taxi-debakel vir ons?

Ek was Maandag en Dinsdag op die toneel en het met 'n klompie taxi-bestuurders gesels, het die konflik gesien eskaleer.

Dit was gou vir my duidelik dat die taxi-manne se basiese beswaar was dat die verkeerspolisie hulle uitsonder en "harass". En as ek terugdink hoeveel keer ek al gesien het hoe verkeerspolisie taxi's een na die ander van die pad af trek en kaartjies uitskryf, dan is ek geneig om hulle te glo.

"Daar is baie kompetisie, en die wins is nie meer so groot soos aan die begin van die taxi's nie," sê een van 'n groep stakende taxi-bestuurders in Breestraat vir my. "Ons werk hard met groot risiko's, baie van ons vir taxibase en die verkeerspolisie maak ons lewens hel. Ek is meer in die hof as op die pad. Pleks van goeie klere en kos vir my kinders koop, betaal ek boetes vir die wit stadsraad."

Klink vir my na goeie rede vir protes, sê ek. En nee, ek dink nie dit sal help as jy alleen gaan kla nie. Gesamentlike optrede is duidelik die antwoord.

Die manne glimlag, verbaas dat iemand begrip toon.

MAAR HOEKOM, VRA ek, straf julle nou vir my en die ander gewone mense wat ook swaarkry, eerder as die mense vir wie julle kwaad is? Dis waar, sê hulle, maar ontwrigting is die enigste wapen wat ons kan gebruik sodat ons protes ernstig opgevat word.

Is seker so, sê ek, maar kon julle dit nie só gedoen het dat dit nie tot 'n skietery gelei het nie?

Ja, sê die manne effe verleë, ons moes beter georganiseer het en vooraf uitgespel het wat ons doen en hoekom. Maar, kom die ou verskoning skielik na vore, dit is die polisie wat sommer net begin skiet het. Swartmense se lewens is mos niks werd nie en die Boere ken mos net geweld, sê een met groot oortuiging.

Wel, dis nie hoe ek dit gesien het nie. Met al die strate geblokkeer met taxi's en vullisdromme en met honderde mense wat saamdrom, kon die polisie nie net weggebly het nie. Dit is immers die middestad.

En toe die polisie op die toneel aankom, het die skare se bloeddruk onmiddellik gestyg. Nie lank daarna nie het die eerste klippe begin vlieg, en toe die polisie antwoord met traanrook en rubberkoeëls, was die gort gaar. Ek het nogal gedink die polisiemanne was beheers in die aangesig van groot uittarting en selfs gevaar. Die taktieke was soms onbeholpe en kontra-produktief en niemand het juis probeer orde skep of met die skare onderhandel nie, maar die polisie was dié keer nie die aggressor nie. (Ook maar 'n seën dinge het nie meer hand-uit geruk nie, want baie polisiemanne was met skerppunt-ammunisie toegerus. Hoekom? In die middestad waar mense nie kan weghardloop nie, is dit mos 'n resep vir 'n bloedbad.)

KYK, DIE TAXI-MANNE was kliphardegat en onbuigsaam. Maar hulle was nie verantwoordelik vir die klipgooiery en brandbomme nie. Dit was die werk van omstanders - meestal jonk en, reken ek, werkloos.

So het dit toe gebeur dat 'n protes wat eintlik 'n normale verskynsel in 'n demokrasie moes wees, 'n voorval van politieke geweld geword het. Die taxi-bestuurders is almal swart en, buiten 'n paar uitsonderings, was al die polisiemanne wit, wat die hele ding toe 'n sterk rassekleur gegee het.


(En toe kom daardie arrogante Pruisiese veldheer, prokureur-generaal Klaus von Lieres und Wilkau, en lê sy dramatiese eier met sy gebruiklike politieke finesse en kompliseer alles net verder. Kan ons nie wragtag nou van dié vent ontslae raak nie?)

Cosatu, waarby wie die meeste taxi-bestuurders geaffilieer is, het die onderhandelinge vrot hanteer en geen dissipline toegepas nie. Die stad se verkeersmense en bestuurskomitee was ewe onbeholpe en verbeeldingloos.

As daar weer so 'n soort konflik dreig, glo ek, gaan die betrokke partye versigtiger en meer beheers en doeltreffend optree. Dis die voordeel van die oorgangperiode waarin ons nou is: ons kan nuwe situasies leer ken, onderdaan en owerheid kan mekaar uittoets, ons kan leer uit ons foute.

En die groot voordeel is dat ons die grootste deel van die ras- en kleur-element uit dié soort konflik gaan haal sodra ons nie-rassige regering op alle vlakke het - en die polisie nie meer as die private leer van Afrikaner-nasionalisme gesien word nie.

BRIEWE



PAS TERUG EN GATVOL

'n Brieffskrywer sê: Ons ouens wat nog middestad toe moet ry, kan alleen maar hoop vir 'n stay-away volgende week want al ooit gesien hoe lekker ry Johannesburg se strate as daar 'n stay-away is? (Foto: SALLY SHORKEND)

LETTIE ROSSOUW VAN MELVILLE SKRYF

Pas terug van Europa beland ek toe Maandagoggend in die chaos van swart taxi's in Johannesburg se middestad - 'n gepaste welkom terug in die "Nuwe Suid-Afrika."

Toe ek egter later hoor wat die taxibestuurders se eise is, sien ek toe sommer rooi. Wat my betref werk die Johannesburgse verkeersdepartement veels te sag met die taxibestuurders.

Baie strenger boetes behoort ingestel te word vir die "cowboy"-styl waarop hulle bestuur, hulle verontagsaming van padreëls en ander motoriste, wie se lewens hulle in gevaar stel. Neem sommer hulle lisensies vir ernstige oortredings weg, soos die meeste Westerselande doen. Niemand dáár kla daaroor nie.

So nou wil die taxibestuurders hulself bo die wet stel - stop waar hulle wil of dit nou gevaarlik is of nie; sonder lisensie ry (hoeveel het in elk geval wettige lisensies?); en die spoedbeperkings oortree. Ag nee a, hoe kan die klomp simpatie ver wag van enige ander padgebruiker in die stad, wat hul verkeersboetes moet betaal en uitkooppeld moet bestee aan karre waarop beslag gelê is.

Ek kan alleen maar hoop dat prok-gen Von Lieres hom sterk uitspreek en die blokeerders van dié week wel sal vervolg sodat hulle hul boetes moet betaal. In geen demokratiese land kan sulke aksies verdedig word nie en ons het alreeds veels te veel slagtings op ons paaie wat skreeu vir strenger in plaas van sagter toepassings van die verkeersreëls. Ons is mos op pad na 'n demokrasie en nie 'n anargie nie. Maar dié week se gebeure laat 'n mens wonder.

En wat is so progressief aan hul eise - hulle wil maar net alle reëls oortree sodat hulle nog meer geld kan maak. Dis tog kapitalisties en nie juis sosialisties nie? So wat skree Cosatu en die ANC nou saam met hulle?

Ons ouens wat nog middestad toe moet ry, kan alleen maar hoop vir 'n stay-away volgende week want al ooit gesien

hoe lekker ry Johannesburg se strate as daar 'n stay-away is?

KASRILS GETS FLIMSY MWEZI TWALA, CHAIRMAN OF THE RETURNED EXILE CO-ORDINATING COMMITTEE, OF JOHANNESBURG WRITES:

Ronnie Kasrils' rejection (VWB 29 Jan - 4 Feb 1993, "Kasrils het ons g'n gemartel nie") of the allegations made under oath to the Douglas Commission that he incarcerated 14 men in a dungeon where they were suffocated by diesel fumes, is so flimsy and unimportant in the whole indictment of the ANC's human rights record.

As victims of these atrocities, our argument is that Kasrils knew that atrocities were being committed in places such as Quatro, "Green House", "Sun City", etc. He visited Quatro and saw the conditions that we were subjected to. When I saw him there on one of his visits in Cell Number 5, accompanied by Steve Tshwete and Chris Hani, he was already in the policy making structures of the ANC. We have yet to hear evidence that he was in any way opposed to what Mbokodo, the ANC's security apparatus, was doing to us.

His plea of innocence in this saga is like General Keiter pleading innocence from Nazi terror over Germany. That was not good enough for him then: and it is not for Kasrils now. It is time for Ronnie Kasrils to face up to the joint accountability and responsibility he shares for the death and torture of innocent ANC cadres.

BAD NEWS

JCM HOOD OF PRETORIA WRITES: We have recently read articles in which a certain Mr Carel Steyn features (VWB 22 - 28 Januarie 1993).

This gentleman appears to be seeking pity and help from whoever will listen to his sad story. The following I hope will warn potential helpers.

In October 1990 we sold our business to Carel Steyn and his then partner. To cut a long story short, the signed contract was

not honoured or adhered to, requiring legal intervention at great expense to us. Eventually this culminated in being awarded summary judgement against Steyn in late 1992. When the sheriff was sent to the then home of Steyn, Steyn informed him that he possessed nothing. It transpired that he had sequestered himself on or around August 1992, and so to this day we sit with nothing.

Our lawyer is a Mr CB Shur of Fluxman and Rabinowitz attorneys in Johannesburg, who has been acting on our behalf and can confirm the afore mentioned.

We strongly advise you to be very wary of having dealings with Steyn, or involving your friends, business associates, etc, with this man, in our opinion he is very bad news.

SABC A PROPAGANDA MACHINE BILL REID OF VERWOERDBURG WRITES:

The attention now being accorded the question of control of the SABC is long overdue and quite possibly too late to save South Africa. The government/Broederbond has for years now been restructuring the corporation to ensure that Broederbond control is entrenched through difficult to break contracts, through privatisation of key functions and through placement of sympathetic (anti-ANC) staff in sensitive positions of power.

Had this question been vigorously pursued even before Codesa 1, the government/Broederbond, deprived of this powerful propaganda machine, would far more readily have entered into negotiations in good faith. This will not happen while their perception that they can destroy the opposition by propaganda goes unchallenged. As it is the propaganda has been only too successful amongst whites. Practically all whites, including many who should have known better, are now fearful, not of the ANC, but of the monster labeled ANC/SACP alliance, created by Military Intelligence and other security force organisations with the whole-hearted participation of the SABC, all financed by the taxpayer. The machine has succeeded in discrediting the ANC in the eyes of the whites, coloureds and Asians while managing to blind them to the fact that the present parlous state of the country can only be attributed to the greed and corruption of its present government carrying out the policies of the Afrikaner Broederbond.

This same government is then held up as a better choice than its rivals for a future government although the policies which have bankrupted us literally and figuratively (morally) are being pursued with undiminished vigour if with a little more subtlety. The new taxes promised by De Klerk will not be used to build the economy but merely to finance the propaganda machine and the apparatus of repression. All window-dressing changes made in recent times have changed the direction of SABC propaganda not one whit.

All negotiations and all initiatives towards a democratic future for South Africa

should be put on hold until control of the propaganda machine and the apparatus of repression is wrested from the government/Broederbond. Should this not be done there will be no hope of a transition to democracy, peaceful or otherwise. Nothing has changed in the thinking of this arrogant and greedy monster. No means however vile are considered too extreme in pursuit of their goal of hegemony at the expense of the country and all its other inhabitants.

Dishonesty, total absence of integrity, lies, corruption, distortion of facts, suppression of truth and discreditation of political opponents by character and actual assassinations, have all been harnessed to this end and the fulfillment of their ignoble cause. This will not change until the means to continue the pattern are removed from their grubby little hands. It may already be too late to save the country but if not done that "maybe" becomes a certainty.

SAUK TJOEPSTIL OOR KOORNHOF

**JPT VERMEULEN VAN
WESTVILLE SKRYF:**

Terwyl die beweerde verhouding tussen Nasionale Party politikus, dr Piet Koorhof, en sy sekretaresse voorbladnuus in die meeste Suid-Afrikaanse koerante was, is dit op 'n baie ooglopende wyse deur die SAUK in televisie- en radio-uitsendings geïgnoreer.

Bogenoemde optrede van die SAUK is in skrilte kontras met die deurlopende dekking wat daar destyds in radio- en televisieuitsendings aan die betrokkenheid van dr Allan Boesak, ANC-leier in die Wes-Kaap, by Elna Botha - nou sy vrou - gegee is.

Wat dit bewys (indien enige bewys nog nodig is), is dat die SAUK steeds die ewiggehoorsaam en dienende mondstuk van die Nasionale Party is, wat, soos altyd, die beskerming en bevoordeling van NP-belange as eerste prioriteit het. Die SAUK se stilswye oor die Koornhof-aangeleentheid maak dit weer eens baie duidelik dat Suid-Afrikaners nie 'n objektiewe, onbevooroordeelde en neutrale uitsaaidiens sal hê tot en met die huidige bestuurders in die nuusafdeling uit hulle poste verwyder is nie.

Ons kan net hoop en vertrou dat die regering wat ná die eerste demokratiese verkiesing die leisels gaan oorneem, hierdie situasie onmiddellik sal aanspreek.

Briewe korter as 300

woorde geniet voorkeur.

Rig briewe aan:

Die Brieweredakteur VWB

Posbus 177 Newtown 2113

Boesak bitter oor NGSK

Ná 'n dramatiese paar dae dié week het Allan Boesak op die laaste nippertjie sy bedanking as voorsitter van die Wes-Kaapse streek van die ANC teruggetrek. Daarmee het Boesak se hoop om terug te keer na sy eerste liefde, dominee van die NG Sendingkerk (NGSK), vir eers vervaag. **HENNIE SERFONTEIN** meen daar was selfs 'n kans dat hy die eerste moderator van die beplande Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika (VGKSA) kon word

NOUDAT Allan Boesak onder druk van Nelson Mandela, president van die ANC, besluit het om nie meer as voorsitter van die Wes-Kaapse streek te bedank nie en om sy aansoek tot hertoelating as predikant in die NGSK terug te trek, is dit nie langer moontlik nie.

Boesak was tydens sy bedanking as predikant weens huweliksprobleme in 1990 reeds ses jaar lank moderator van die NGSK en ook president van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke.

Sy besluit om as ANC-leier te bedank sodat hy weer predikant kan word, het die ANC en die algemene publiek totaal onkant gevang. Maar min mense weet dat hy reeds begin het met die lang uitgerekte prosedure om weer tot die predikantsamp toegelaat te word.

Mense na aan Boesak sê hy worstel al geruime tyd met die gedagte om terug te keer na die bediening. In 'n onderhoud 20 maande gelede met VWB het hy openlik gepraat oor sy hunkering om na die kerklike lewe terug te keer en oor hoe hy die bediening mis.

Die laaste paar jaar is hy en sy vrou, Elna, aktiewe lidmate van die Lavender Hill gemeente van Jan de Waal, waar hy as ouderling dien. In dié hoedanigheid preek hy reeds 'n geruime tyd en het hy nog laas Sondag 'n preek gelewer wat ook deur sy nuwe skoonpa bygewoon is.

Kragtens die bepalinge van die Kerkorde (kerkwet) het hy 'n ruk gelede amptelik voor die kerkraad van Lavender Hill verskyn om die redes vir sy aansoek vir die herstel van predikantstatus te bespreek. Die kerkraad het hom daarna 'n gloeiende getuigskrif gegee.

Die volgende stap was om voor die Ringkommissie van Wynberg te verskyn, wat ook 'n getuigskrif ter ondersteuning van sy aansoek gegee het. Die derde stap sou wees dat sy aansoek sou dien voor die Algemene Sinodale Kommissie, wat op 15 Februarie sy jaarvergadering hou. Sou die aansoek daar slaag, was die finale stap 'n verskyning voor die eksamenkommissie die einde van die jaar.

Dan was die weg gebaan om gekies te word as eerste moderator van die voorgestelde VGKSA in April volgende jaar ná die samesmelting tussen die NG Kerk in Afrika en die NGSK.




Foto: SALLY SHORKEND

MAAR DAAR IS aanduidings dat sy weg terug na die predikantsamp nie met rose besaai sou wees nie. Invloedryke konserwatiewe elemente in die NGSK is blykbaar vasbeslote om Boesak tot elke prys uit die predikantsamp te hou.

Trouens, die vermoede bestaan dat die nuus oor sy voorgename bedanking uit sy ANC-leiersposisie deur konserwatiewe kerklike kringe aan *Die Burger* gelek is met die doel om te keer dat so iets gebeur.

Die sleutelfiguur in die veldtog teen Boesak is Nick Appolis, die huidige moderator van die NGSK. Hy het dié week beklemtoon dat daar "geen eenvoudige pad terug" na die bediening vir Boesak is nie en gesê: "Wat die NGSK betref, is dr Allan Boesak bloot iemand wat opleiding as predikant ontvang het - niks meer nie" - 'n opmerking wat boekdele spreek.

Die Burgerse voorblad-opskrif het gelui: "Boesak wil na kansel terug: Kerk skop vas". In 'n berig langs die onderhoud met Appolis word na amlose bronne aangehaal wat beweer talle predikante is in opstand oor sy moontlike hertoetrede.

In latere berigte sê Appolis Boesak kan nie tot die bediening hertoegelaat word nie, alvorens hy vrede gemaak het met sy vorige Belville-Suid gemeente en verskoning gevra het omdat hy "hulle in die steek gelaat het" tydens sy egskeiding ná 'n

buite-egtelike verhouding en bedanking uit sy amp.

'n Bitter Boesak het reageer deur te sê dat Appolis se uitlatings 'n atmosfeer in die kerk se leierskap verraai wat nie tot eer van die Here strek nie. "Dis Appolis se eie mening. Hy kan nie namens die kerk, 'n komitee, of die leierskap praat nie."

Dit is jammer dat die Kerk "so aangaan met mense wat na die bediening wil terugkeer", sê Boesak.

De Waal, Boesak se leraar, verwerp Appolis se interpretasie van die Kerkorde as sou dit vir hom nodig wees om by sy vorige gemeente verskoning aan te teken. Hy sê Boesak voldoen aan die Kerkorde deur langer as twee jaar in die gemeente

te wees, en dat hy met hul ondersteuning hertoegelaat kan word. De Waal sê: "Of Appolis verstaan nie die kerk reg nie, of sommige van die sogenaamde kerkleiers voel duidelik bedreig deur iemand soos Boesak."

Boesak het dié week die NGSK gekritiseer omdat hulle daarop aandring dat hy uit sy politieke ampte moet bedank voor hy as predikant hertoegelaat wil word. Hy sê: "Ek glo opreg dat my kerk, deur die politieke en geestelike lewe te skei, besig is om 'n fout te maak.

"Ek is gereformeerd, en gereformeerde mense glo dat jy moet deelneem aan elke aspek van die lewe ten einde die Koninkryk van God te volbring."

Mandela moes mooipraat

Ernstige verskille tussen die ANC se Weskaapse-streekraad en die nasionale leierskap oor onderhandelingsstrategie, is een van die vernaamste redes waarom Allan Boesak die week as voorsitter wou bedank en na sy bediening as predikant wou terugkeer

NET die feit dat Nelson Mandela, ANC-president, persoonlik ingegryp het, het verhoed dat Boesak amptelik sy bedanking aankondig.

WVB vernem uit senior ANC-bronne in Kaapstad dat Boesak se frustrasies binne die ANC meer te doen het met verskille wat hy en die Wes-Kaapse streekraad met die nasionale leierskap het, as met die welbekende spanning en verskille binne die Wes-Kaap tussen hom en die sogenaamde "SAKP-kliëk" in die leierskap.

Eensyds is die Wes-Kaap - sowel Boesak as die SAKP - heeltemal gekant teen die jongste ANC-onderhandelingsstrategie wat in November deur die NEC ná samesprekings met die streke aanvaar is. Die strategie behels in wese die konsep dat 'n koalisieregering van nasionale eenheid vir 'n bepaalde tyd ná die oorgangsfase aan die roer van sake sal staan.

Daar word gesê die NEC-samesprekings met die streke was "oëverblyndery" en dat dit in praktyk "deurgestoomroller" is.

Andersyds is Boesak persoonlik gefrustreerd met die nasionale leierskap. Daar word gesê dat sy "leierskapstalente" totaal geïgnoreer word, dat 'n aanbod om in die onderhandelingsproses betrek te word, oor die hoof gesien is, en dat hy nie die spesiale posisie in die leierskapshierargie gegee is waarop hy gehoop het nie.

Maar op nasionale vlak is daar sterk kritiek omdat Boesak na bewering nie daarin kon slaag om betekenisvolle steun onder die bruin bevolking te wen nie. Kritiek uit dié oord versterk die posisie van die twee SAKP-lede in die leierskap - Tony Yengeni, die streeksekretaris, en Lerumo Kalako, die onder-voorsitter - van wie Boesak op ideologiese gronde verskil.

Ironies is dit die SAKP en die ANC wat nou 'n rassistiese benadering volg en daarop aandring dat die fokus meer op die swart townships moet val en die bruin bevolking afgeskryf kan word.

die stryd om die bruin stem

Met verkiesingspraatjies in die lug begin dit al hoe duideliker word dat mense op 'n etniese grondslag gaan stem. Maar by wie gaan die bruin kiesers hulle skaar? En gaan hul stemme 'n groot verskil maak? wonder

CHRISTELLE TERREBLANCHE

DIE stryd om bruin steun het al meer as twee jaar gelede afgeskop met die oorstappery na die NP van 'n groot deel van die Huis van Verteenwoordigers in die Driekamer-parlement. Dié week het die neiging na die Kamer van Afgevaardigdes verskuif met nog 'n oorloper na die NP.

Intussen wys die jongste aanduidings dat 'n ommekeer ofte wel "backslide" in die Huis van Verteenwoordigers aan die broei is. Maar die toutrekkery om bruin steun lê lankal nie meer net tussen die Arbeidersparty en die NP nie.

Gegewe die feit dat die Kleurlinge (3,2 miljoen) minder as tien persent van die totale bevolking uitmaak, kan mens tereg wonder of dit nie 'n storm in 'n teekoppie is nie. Watter verskil kan dit maak?

Maar in Wes-Kaapland maak die bruinmense minstens die helfte van alle stemgeregtigdes uit, en met die moontlike groter streekinspraak in die oorgangsbedeling, wat nou om die onderhandelingsstafel beding word, kan dit deurslaggewend wees vir dié streek. En 'n mens kan selfs redeneer dat tien persent 'n taamlike verskil kan maak aan die meerderheid wat die wenparty op nasionale grondslag behaal.

Die meeste meningspeilings toon dat twyfel en die gebrek aan politieke belangstelling onder Kleurlinge toegeneem het sedert Staatspresident FW de Klerk se toespraak op 2 Februarie 1990. Minstens 40 persent sê hulle is onseker of apolities. Daar word gesê De Klerk is aanvanklik in die bruin gemeenskappe as 'n held beskou en baie bruinmense het aangedui dat hulle hom in 'n toekomstige verkiesing sou steun. Dit het min met die NP self of sy geskiedenis uit te waai gehad.

DRIE JAAR LATER, egter, begin die prentjie effens anders lyk. De Klerk is nog nie gesien as dat hy sy beloftes nagekom het nie, word gesê.

Piet Coetzer van die NP se Federale

Inligtingsdiens glo die party kan 'n reusagtige meerderheid onder die bruin bevolking behaal. "Ons eie opnames en kwalitatiewe navorsing dui op 'n potensieel oorweldigende steun."

Intussen sê die Demokratiese Party hy groei met by die 200 nuwe lede per dag onder die Kleurlinge.

"Ons kan enigiets van 40 persent of meer onder die sogenaamde bruinmense trek," sê Hennie Bester, DP-LP vir Groenpunt. Die tradisioneel Kleurlingparty, die Arbeiders, sal na verwagting ook 'n hele paar persent op hom verenig, veral in Oos-Kaapland waar hy gesetel is.

As rede vir die gebrek aan bruin steun vir die ANC word openlik gesê die beweging se vereenselwiging met die Suid-Afrikaanse Kommunisteparty (SAKP) is die doring in die vlees.

So gesê bly daar nie veel steun vir die ander partye oor nie. Wie jok?

Tog lyk hulle aansprake moontlik. Uit ANC-geledere word verneem dat dié beweging se eie opnames daarop dui dat sy steun onder bruinmense sowat 5 persent en die groei-potensiaal gering is. Die ANC het, in teenstelling met die DP en NP, ook nog nie met intensiewe werwing in die bruin townships begin nie.

As rede vir die gebrek aan bruin steun vir die ANC, word openlik gesê die beweging se vereenselwiging met die Suid-Afrikaanse Kommunisteparty (SAKP) is die doring in die vlees. Die Kleurlinggemeenskap, hoewel nog nooit 'n etnies homogene groep nie, deel 'n kultuur wat in 'n groot mate op godsdiens gegrond is, wat die SAKP vir hulle onaanvaarbaar maak. Veral die Wes-Kaapse Kleurlinge, wat die grootste persentasie van die bruinmense

uitmaak, is polities konserwatief. Deur die eeue, onderdrukking ten spyte, het hulle hul eerder met witmense as swartmense geassosieer. Of dit as rassisties of klassebewustheid geanaliseer word, die vrees vir swart oorheersing bestaan onder bruinmense.

DIE PERSEPSIE dat die SAKP die botoon voer in die Wes-Kaapse streek van die ANC asook die toenemende swart profiel van dié party in die streek, skrik bruinmense glo taamlik af. Die ANC erken dit self.

Bester van die DP sê die grootste

en ANC-lid. "Dis ook hier waar die NP mense die meeste afgeskeep het."

Voortgesette gerugte dat 'n groot getal Arbeiders uiters ongelukkig is oor die party se verklaarde beleid om in 'n verkiesing 'n alliansie met die ANC aan te gaan deur middel van die Patriotiese Front, is deur 'n AP-woordvoerder, Peter Hendrickse, ten sterkste ontken.

"DIE EUFORIE oor De Klerk het begin taan, en die communist boogy gaan ook binnekort kwyn," sê hy. "Jy sien, die bruinmense, veral dié in die Kaap, lees die Afrikaanse pers wat nog altyd anti-Arbeidersparty en veral anti-ANC is en was.

"Bruinmense is baie meer besorg oor die geweld-faktor en ons ondervind groeiende steun van die grassroots af. Dit begin nou vir mense duidelik word dat die regering nie sy beloftes van die afgelope drie jaar nakom nie.

"Die AP-partykongres in Desember het eenparig toegestem dat daar met die ANC gesprek gevoer word oor 'n alliansie, maar het teen dubbele lidmaatskap gestem."

Harold Appolus, voormalige voorsitter van die NP-tak in die Delft-woonbuurt naby Kaapstad, sê die hele NP-tak van meer as 500 lede het so pas oorgeloop na die AP, weens "teleurstelling oor die NP se leë beloftes". Hy sê die neiging is oor 'n breë front sigbaar en soortgelyke oorloper word in Belhar en Mitchell's Plain verwag.

"Dit is veral oor die NP se versuim om betrokke te raak by gemeenskapsake, veral dié van bruinmense," sê Appolus. "In ons samewerking nou met die ANC voel ons bemagtig en gemotiveer, waar ons onder die NP polities magteloos gevoel het om iets vir ons mense te doen."

Oor die Indiërsteun (3 persent van die totale bevolking) bestaan net soveel onsekerheid. In onlangse meningspeilings het tot 60 persent van Indiërvroue hulle as apolities of onseker oor hulle affiliasies verklaar.



Chris Hanani ... 'One day we would want to test our ideas' (Pic: SALLY SHORKEND)

ANC and SACP:

Is the honeymoon really over?

Is a divorce on the cards for the country's leading alliance - either before or after elections for a new government? **WALLY MBHELE** speaks to Chris Hanani, general secretary of the SACP and NEC member of the ANC about the perception that the two are at war with each other about their future alliance

WITH elections looming on the horizon, questions are once more being raised about the relationship between the African National Congress (ANC) and its South African Communist Party (SACP) alliance partner. This comes in the wake of reported allegations that the general secretary of the SACP, Chris Hanani, has said the two organisations will part ways after elections and Nelson Mandela's repeated assertion that the two organisations will have to separate after elections.

Criticism against the alliance includes charges that the party dictates major policy and direction to the ANC - even that a communist cabal is overtly leading the movement. It has also been said that the SACP could cost the ANC votes in certain communities. For example, the potential Coloured and Indian vote.

However most of the shots have been fired from specific quarters - particularly the business community and the government. Inside the alliance, it is regarded as a fact that the ANC and SACP's fates are historically and structurally so intertwined that separation is almost impossible.

About half of the ANC NEC leaders are communists, including some of the movement's top policy makers. And almost 50% of ANC regions are led by communists. Due to lack of funds, they share almost everything - from fax machines to mass campaigns.

In some regions like the Western Cape, ideological differences between the ANC and the SACP are causing deep and possibly lasting rifts.

But sources close to the movement say it would take at least about three years for both organisations to officially separate.

The perception that the two are at war with each other about their future alliance is not true, *Vrye Weekblad* found after speaking to a number of ANC and SACP officials. They stated categorically that their position remains unseparable and that their view on separation is the same.

In this interview, the general secretary of the SACP, Chris Hanani - also a top ANC NEC member, spells out the present and future scenario governing the alliance. While the two organisations may have to separate after elections, he says, they have much in common

So, you deny reports that you said the South African Communist Party will separate from the ANC after elections?

The first point I highlighted was that in this country there is a struggle against white domination, the struggle for national liberation and democracy. In that struggle many organisations and movements have come together with the main objective of destroying white domination and ushering in democracy in our country.

And therefore I characterised our analysis as the one which has brought the African National Congress and the Communist Party together in order to bring about social order and justice. And I even went further to say therefore we are going to be going into any elections for a Constituent Assembly as an alliance led by the ANC in which the party will play an important role, as well as other patriotic and democratic organisations in the country.

Then, what happens when you have a Constituent Assembly and a democratic government in place?

Naturally, as is the case with all fighting

alliances, with all progressive alliances, the two organisations will have to sit together and assess the situation. There will definitely be a new situation. There will be a democratic government elected by the people of South Africa which would be a realisation of one of the key objectives behind the alliance.

That review, in my thinking, will be necessary because the election of the ANC government will not necessarily empower our people. There would be a government elected by the people but the key areas of development in this country - both economic and political - will still be in the hands of the whites. The civil service will be predominantly white, so will the security forces, the economy and wealth of the country will still be concentrated in the hands of a few whites.

Our people, especially the black people, will still be poor, they will still be having serious problems with housing, with education, with electrification, water and health services.

So you would actually have a very big area in which you must fight for the empowerment of our people?

The struggle will still go on under a new South Africa. But it will be in a new climate

might not want to move towards socialism, it might feel: let us collaborate as two independent entities and define areas of co-operation. These are all sort of possibilities - it is difficult to say A will happen and B will not happen.

But Nelson Mandela has repeatedly said the two organisations must separate after elections.

I don't think the president of the ANC has been saying there will be a parting of ways. He says when we have achieved the objective of defeating apartheid, we might probably separate.

A successful outcome of any revolution presupposes that after victory, you have to consolidate. So you can't make an inference or conclusion that there is going to be a parting of the ways.

Everything will depend on those millions of members of the ANC and the party who have worked together. This issue cannot be decided by the leaders at the top only. Views of the leaders are important - but the grassroots views are important too because it is the grassroots that has been championing this alliance all these years.

What if the ANC does not want to move towards socialism?

What will happen will of course be to say,

you fight for elections. I don't think Swapo, Zanu and Zapu went through that path before they contested elections. The question of registration will come in the natural course of development of events. We shall be an alliance led by the ANC. There will be a program and rules governing the conduct and that alliance in the CA and in the interim legislature. It would be a program of joint debates and discussions. The ANC has always brought issues before us and we have always brought issues before them.

There have been allegations of the SACP dictating policy and direction to the ANC.

Our history shows that we have never dictated to anyone. We put forward ideas for consideration and debate. We have always been the initiators of fresh ideas and thinking. We have never gone out in secret to canvass for those ideas. We have put them to be considered in open debates.

We don't dictate. How can we dictate to such a big organisation? It has never been our policy to dictate to any organisation, whether big or small. We believe in equality and independence. We don't believe even the ANC, big as it is, should dictate to other organisations. We believe

You seem to be more of a watchdog and less of a political party vying for power.

No. I wouldn't narrow it in that way. The role I'm explaining here will be a role that consolidates us as a political party. A political party which places itself in the midst of the people, with the aim of leading the people towards what the party will consider the better life, a better government all the time.

We shall not be fighting an ANC dominated government all the time - but where we begin to detect that it is not delivering the goods, we will fight. We'll examine the budget of the ANC government critically in terms of expenditure. Those will be key questions for us in future. Yes, we'll play a role of watchdogs but again we shall be consolidating in order to capture the support of the people. We are not just there for the sake of being there. We want to be the support of the working class in our country.

You may become an official opposition then?

Yes, that is possible. It can't be ruled out. My reason for saying that is that we are articulating the interests and aspirations of the majority of the oppressed people in

'The struggle will still go on under a new South Africa'

because we'll be having democracy. Gone will be the trappings of a police state. There would be more freedom, I'm sure. It will be under these circumstances that the party and the ANC will define their relations.

What are the possibilities that are likely to come?

There would be many possibilities. There would be a possibility of the separation of ways. One of the reasons would be - if there is separation - that we are a Communist party committed to fighting for a socialist South Africa, where the main form of ownership will be public ownership in a socialist society. We'll be championing mainly the interests of the working class, the poor and the peasantry in the rural areas on the whole as a Communist Party.

The ANC will still have its sort of a broadly based character, bringing into its fold all the multi-class elements of our society. But there is also another possibility apart from separation. In the ANC we have thousands if not millions of people who have a socialist outlook. They are not members of our party but they have been fighting for the ANC, which has as its program the Freedom Charter, which speaks about socio-economic restructuring. The ANC in its own policy document says "the people must play a role in the socio-economic restructuring of our country".

It is possible the ANC might move towards the left, towards socialism. But if I have a pessimistic projection, the ANC

look, here is our program as the SACP. We are going to mobilise our people for the struggle towards socialism. We are going to mobilise our people for empowerment along the lines I have already briefly defined - a campaign we'll fight with the trade unions.

If there is a preponderance of views that we should separate, I don't think the party would refuse to separate.

In areas where we differ, we'll pursue our own program. We have always said we should be an independent party but we are trying to pursue this idea of an independent party within the framework of national liberation.

I don't think there'll be any acrimony if, on the basis of mutual discussion and debates, it is found that the two organisations should work separately. It would be foolish not to accept the reality of that decision.

By die Kliniek vir Seksueel Oordraagbare Siektes in Hillbrow kan jy - soos by die meeste soortgelyke klinieke - sonder afspraak instap en 'n gratis HIV-toets vra. Hoewel dit verkieslik is, hoef jy nie jou regte naam te verstrek nie.

Nadat jy met 'n raadgever gepraat het oor HIV, gaan jy deur na 'n kamer waar bloed getrek word. Dis 'n basiese toets - 'n 5ml buisie bloed word getrek en weggestuur na 'n laboratorium. Twee toetse word op die bloedmonster gedoen. As HIV-teenliggaampies in die bloed gevind word, is die uitslag positief - en dan word nog 'n bykomende toets (die Western Block toets) op die monster gedoen.

As die toets deur 'n private dokter gedoen word, kan dit van R45 tot R100 kos vir 'n negatiewe uitslag en van R120 tot R300 vir 'n positiewe uitslag.

AS JY HIV-positief getoets het, is daar 'n ondersteuningstelsel om jou dop te hou. Daar is ook talle ondersteuningsgroepe en voorligtingdienste. Veral die Heilsleër en die ATIC (Aids Training and Information Centres) is aktief op dié gebied.

Jy kan jou aansluit by 'n gratis HIV-kliniek waar medikasie en inligting oor hoe jou immuunstelsel vorder gereeld verskaf word. Vroeë siektes wat ontwikkel, sal daar behandel word. As die virus jou brein begin affekteer, sal die kliniek gereelde neuro-psigologiese toetse doen. Die kliniek beskik egter nie oor die duurder medikasie wat benodig kan word nie en 'n privaat spesialis sal naderhand geraadpleeg moet word.

AIDS KAN 'n duur siekte wees want die behandeling vereis die voortgesette toediening van voorkomende medisyne. Die staat se ongeskiktheidstoelae stel niemer as R300 per pasiënt per maand beskikbaar nie. Die meeste siekefondse diskrimineer teen Aids-behandeling en stel dikwels 'n betaling van slegs R100 per jaar beskikbaar daarvoor - hoewel sommige tot R2 000 sal betaal.

Buiten Transmed het die meeste siekefondse 'n negatiewe houding jeens Aids, sê dokters. Maar daar is hoop. Dokters het onlangs met verteenwoordigers van al die siekefondse gesels - en die fondse het in beginsel besluit om hul benadering te verander.

FREE CLINICS FOR AIDS TESTS:

JOHANNESBURG

1. *Sexually Transmitted Disease Clinic*
17 Esselen Street
Hillbrow
Monday - Wednesday 8am to 4pm
Friday - 8am to 1pm
Thursday - 8am to 4pm / 5pm to 8pm
Telephone: 725-6710
2. *City Health Clinic*
18 Hook Street
City Centre
Monday - Thursday 8am to 4pm
Friday - 8am to 1pm
Telephone: 295-241

BLOEMFONTEIN

Tel 405-8544 / 405-8528

CAPE TOWN

Tel 210-2682 / 400-2628

DURBAN - Tel 300-3104 / 300-3020

EAST LONDON - Tel 342-382 / 439-743

KIMBERLEY - Tel 806-911

NELSPRUIT - Tel 592-159

PRETORIA - Tel 317-988 / 313-7988

PIETERMARITZBURG - Tel 942-111

PIETERSBURG - Tel 914-962

PORT ELIZABETH


Tel 506-1415 / 506-911 / 506-402

RICHARDSBAY - Tel 311-11/17

SOWETO - Tel 948-4159

VAN DER BIJLPARK - Tel 312-820

WITBANK - Tel 906-911 / 906-204



What if...

Even "Aids educated" people are unclear on certain issues concerning the disease. **CHARL BLIGNAUT** spoke to Dr Mervin Tyrer, a GP with a strong interest in HIV medicine

Is it true that you can be affected by the HIV virus and still not test positive for some time?

The majority of patients - in fact more than 99 percent of them - seroconvert (develop detectable HIV antibodies in the blood) within a period of 3 weeks to 3 months after being infected. There is a very, very small chance that there are people who are infected without showing

detectable antibodies after 3 months. **But you can be infected and be HIV positive and not know it? And not show symptoms, but be spreading the virus?**

Absolutely. Some people can be positive and not show any signs for many years. Other people can develop Aids much sooner. On the whole it can take 7 to 8 years before you start becoming sympto-

matic. The point here is that all those people who think they're not affected because they show no symptoms are very wrong. For an extended period they can be well and lead normal lives. But even if you're asymptomatic, it doesn't mean you're not spreading the disease. The best thing to do is to have safer sex so as not to spread the virus. Frequent testing is advisable.

Why do some people stave off full blown Aids longer than others?

Nobody really knows what the factors are. It all depends on the individual. The healthier you are, the less likely it is the virus will progress rapidly.

If two people are HIV positive, need they still practice safe sex?

Yes. If not, they are prone to repeated exposure and they don't do as well. They're constantly re-exposing one another with more active forms of the virus.

Say I'm HIV positive and my partner isn't. Can we have an active sex life?

You can have a completely normal and active sex life within the constraints of what is considered safe. That is by not allowing the spread of sexual fluids through the use of a condom. [The safest way is to use only latex condoms and, if necessary, use only "water-based" lubricants such as KY jelly. "Oil-based" lubricants such as hand cream, baby oil, vaseline can damage the condom.]

Essentially there is no such thing as "safe sex", no sex is safe. There is only safer sex. Condoms should even be used for oral sex. There are also many alternatives that are much safer - rubbing, massaging, thigh sex, masturbation etcetera. Kissing is completely safe.

What about sharing sex toys? Ear-piercing, tattooing, acupuncture?

Sex toys are not safe. As for the others, you should be sure that acupuncturists, tattooists and ear-piercers are using disposable needles. Most do, but it's best to check.

Say a woman has Aids and is pregnant. Is her child naturally going to be born infected?

No. The chance of spreading infection to the child is about 30 percent and can range to about 50 percent. The thing is, the baby will carry the maternal antibodies for a period of 9 to 15 months. The child can test positive, but may not necessarily be infected.

Is it true that women contract HIV more easily than men? Statistically, black women are the highest group infected in South Africa.

That's difficult to answer. In my opinion they do. And it's true they have the highest prevalence, but that may be because black women are the most commonly tested group in South Africa. We may be getting falsely low results from other groups who are not tested as commonly.

How safe are "sex workers" - prostitutes, massage services, rentboys?

As a group they're very safe. They're very HIV-conscious. Sex workers are part of our lives and no one should judge them for what they do. They want to stay HIV

die jongste syfers

Aids en HIV-statistieke, veral in Suid-Afrika, kan nie as voldoende beskou word nie. Die nuutste statistieke wat uitgereik is, behels bloot die gevalle wat aangemeld is:

HIV-POSITIEF IN SUID-AFRIKA

(6 Januarie 1993):

Swartmense - 33 339

Witmense - 1 702

Bruinmense - 767

Asiërs - 154

Ander - 1 264

TOTAAL: 37 226 HIV-positiewe gevalle

AIDS-GEVALLE IN SUID-AFRIKA

(29 Oktober 1992):

Aantal gevalle - 1 517

Mense dood weens Aids - 475

Manlike gevalle - 971

Vroulike gevalle - 525

Homo-/biseksuele gevalle - 398

Heteroseksuele gevalle - 821

Gevalle volgens ouderdom

0 tot 9 jaar - 259

10 tot 19 - 43

20 tot 29 - 382

30 tot 39 - 408

40 tot 49 - 158

50 tot 59 - 57

60 tot 69 - 18

Bo 70 jaar - 3

Stede met die meeste gevalle:

Johannesburg - 322 gevalle

Durban - 289

Soweto - 199

Kaapstad - 157

Pietermaritzburg - 86

Port Elizabeth - 56

Bloemfontein - 44


Pretoria - 31

AIDS-GEVALLE WÊRELDWYD (Julie 1992)

501 272 gevalle in 191 lande is by die WHO (World Health Organisation) aangemeld. Die WHO skat daar is in werklikheid sowat TWEE MILJOEN gevalle wêreldwyd. Hulle beraam sowat 10 tot 12 miljoen mense wêreldwyd is HIV-positief.

Die ergste aangetaste lande ter wêreld is in volgorde:

Amerika (218 301 gevalle), Uganda, Tanzanië, Brasilië, Frankryk, Zaire, Zimbabwe, Malawi, Spanje, Ivoorkus, Mexiko (9 562 gevalle).



Moenie wag vir simptome nie

Jy kan HIV-positief wees en vir 'n lang tyd - agt tot tien jaar - geen simptome toon nie. Die boodskap: Moenie vir simptome wag nie, gaan eerder elke jaar vir 'n toets.

VROEË SIMPTOME

- Vel-irritasie - enige uitslag, sere, pitswre. Die vel word baie maklik, vinnig en ernstig aangetas deur die virus en sal begin jeuk en brand.
- Geswelde kliere - veral in die nek, in die armoltes en in die lies.
- Diarree - wat drie weke of langer duur.
- Nagsweet - baie intense sweet (jy kan die lakens uitdraai) en koors.
- Gewigsverlies - ongeveer 10 persent van jou gewone liggaamsgewig.
- Herpes en sproei (thrush) - Herpes word gekenmerk deur klein sere op enige plek aan die liggaam, maar veral aan die penis en binne die vagina. Sproei (thrush) is 'n swamagtige infeksie wat meestal in die mond, op die tong en in die keelholte voorkom. Dit is 'n wit laag wat nie maklik afgeskraap kan word nie en lei tot 'n baie seer keel. Dit kom ook binne die vagina voor.

negative otherwise they can't work.

Say you test HIV positive. Is that the end, a prolonged death?

It's important to know that even if you're found to be HIV positive it doesn't have to be the end of the world. There's been a lot

of research and development of new medicines. We can't cure the disease, but we're trying to control it by making HIV infection a chronic manageable one - we're trying to prevent the progress of HIV infected individuals to full blown Aids.

You aren't going to die tomorrow, but you need to have an informed doctor monitoring your progress and intervening with medicines. You can be HIV-well as opposed to HIV-sick and live for a long time as a healthy and productive person.

Albert se kiekies

Wyle dr Albert Hertzog was onder meer die man wat nie wou hê Suid-Afrika moet 'n televisiediens kry nie, want hy't gemeen dit sou die "volksmoraal" afbreek. Sy weduwee, Martie, kyk darem TV in haar sitkamer. **INA VAN DER LINDE** gesels met haar oor die ou dae - maar nie die ou skeuringe nie

"PLEASE use the frontdoor. This is the servants' entrance," sê die gesig in die netjies gestyfte groen kopdoek van agter die diefwering van die kombuisvenster.

Martie Hertzog maak self die voordeur oop. Sy glimlag, jaag die hond van die voordeur weg en wikkel behendig 'n swart ysterpaal onder die veiligheidshek voor die voordeur in. Sy lig die swaar staalhek van die grendels wat dit op die vloer vashou. Die voorportaal is koel en donker in die bloedige Pretoriase hitte.

"Ja, die Engelse bediende," lag sy. Wel bewus van die feit dat oorlede dr Albert Hertzog, ten spyte van sy eerste vrou wat Engels was, nie Engelssprekendes as lede van sy Herstigte Nasionale Party wou toelaat nie.

Sy's 'n lang vrou, regop vir haar 83 jaar. Effens onvas op die voete ná 'n onlangse knieervanging. Haar hare is byna-blond, en haar blou oë vonkel deur die bril. Dis die warm glimlag wat van die mond tot diep in die oë weerkaats wat haar so aantreklik maak. Sy lyk op die oog af soos 'n praktiese boervrou wat konfyt kook en koekbak, maar wat ook die voorsitter van vergaderings kan wees en in die bestuur van sakebedrywighede kan dien. Wat sy inderdaad ook doen as lid van die direksie van die Hertzog-trustfonds en verskeie ander sakebelange - haar eie en dié van haar oorlede man.

Iemand wie se hande vir niks verkeerd staan nie, soos my ouma sou sê.

Verlede jaar was dit tien jaar van die dag dat Albert Hertzog - toe 82 - op die dak geklim het om te kyk of daar haelskade aan die dakteëls was ná 'n tipesie Pretoriase donderstorm. Kort daarna het hy inmeekaargesak en is hy dood.

Érens in volgende jaar verval die moratorium wat sy op al sy dokumente laat plaas het. Dan sal al die noukeurige aantekeninge wat hy - net soos sy pa, genl JBM Hertzog - regdeur sy hele politieke loopbaan gehou het, beskikbaar gestel word vir engeen om te lees.

Die koel donker huisruik na ou dokumente, meubelpolitoer, en geskiedenis. In dieselfde huis in Waterkloof, net in die kamer hierbo is die Generaal in 1942 dood.

MARTIE HERTZOG is 'n diplomatieuse mens. Oor die politiek en politieke figure rondom die stigting van die HNP en die latere verwydering tussen hom en sy opvolger, Jaap Marais, bly sy taktvol stil. "Ek weet nie veel van die tydperk rondom die stigting van die HNP nie. Ons was toe nog nie getroud nie."

Ná soveel jaar, blyk dit, is die onderlinge verskille van destyds ook nie meer so belangrik nie. Jaap Marais kom besoek haar soms, en prof Adriaan Pont, ook 'n stigterslid van die HNP, is 'n goeie huisvriend.

Die naaste wat sy aan politiek kom, is



'n Jong Albert Hertzog

om te vertel van die gesprek wat sy met Carel Boshoff van die Orania-groep gehad het. "Albert sou die tuisland-gedagte gesteun het. Ek glo ook elke volk moet sy eie land hê. Daar is 'n verskriklike haat opgewek vandat Mandela losgelaat is. Kyk net na al die moorde en die goed. Dis omdat verwagtinge geskep is waaraan die regering nooit sal kan voldoen nie."

Sy sien nie 'n toekoms vir witmense in die land nie, sê sy.


Wat van 'n wit tuisland? "Ek sal dit oorweeg, maar dan moet dit 'n lewensvatbare gebied wees," sê Martie die sakevrou. "Ek het vir Carel gesê ek sal nie na sy tuisland toe trek nie want ek weet nie hoe gaan ons daar leef nie. Hy het 'n Orania geskep met baie oumense wat op pensioen is. As Azania die dag tot stand kom, kry hulle dalk nie eens meer pensioen nie en wat dan met sy tuisland gaan gebeur, weet ek nie."

HOE HET SY vir dr Hertzog ontmoet? Dit was in 1973 by vriende - "nou nie juis 'n spectacular ontmoeting nie". Later het sy hom behandel vir 'n velkwaal. Sy was 'n homeopaat - en 'n weduwee met twee volgroeide kinders - en hy 'n wewenaar. Sy het hom gesond gedokter en 'n paar jaar later is hulle getroud.

Sy vertel wel met geesdrif van sy antieke meubelversameling, waarvan sommige stukke van voor die 16e eeu dateer. En van die silwer, porselein en glasware wat geskenk is aan die Kaapstadse Kultuur-historiese museum. Van die porselein en glasware kom uit die skip Haarlem wat in 1648 in die Kaapse hawe gestrand het.

Buite kyk ons na die versameling van 28 soorte broodbome, en die 65 soorte aalwyne. Dr Hertzog was 'n geesdriftige versamelaar van inheemse plante en bome. Net inheems, het hy geglo - nes genl Hertzog wat op sy plaas Waterval nie uitheemse bome kon duld nie. Hy het vir jare intens belang gestel in broodbome in die dae voordat dit 'n statussimbool geword het om een in jou tuin te hê.

"Kyk net hierdie een," sê sy. Langs die paadjie in die digbegroeide tuin staan 'n



Martie Hertzog
Foto: Carla Hartman

meter-hoë, dik broodboom met 'n paar kroeserige blare om die kroon. Dis die skaars arenarius, by die 1 000 jaar oud. Die helfte van die stam is ondergronds.

"Ons het gedink die boom is dood. Dit het tien jaar so gestaan sonder 'n enkele blaar. Een oggend kom Albert opgewonde die huis ingestorm en geroep: 'Kom kyk, Oupa het 'n blaar gemaak!'"

ONS STAP NADIE studeerkamer met sy boekrak en ou kiekies. Daar's 'n kiekie wat dateer uit die jare toe dr Hertzog, pas terug van sy regstudie aan Oxford, begin het om 'n mynwerkersvakbond (natuurlik vir wittes) op die been te bring. En uit die stormagtige jare rondom 1948 toe hy as kandidaat vir die Nasionale Party in Ermelo die setel vir die NP gewen het en in die kiesafdeling Standerton, net langsaan, dr Jannie Smuts sy setel aan die NP moes afstaan. En van die 1958-kabinet toe Hertzog minister van Gesondheid en later ook van Poswese was.

"Albert was 'n baie teleurgestelde eensame man aan die einde van sy lewe. Hy het gevoel sy politieke vriende het hom verlaat en hy het die openbare lewe gemis. Ek sien nogal 'n parallel tussen hom en genl Hertzog omdat albei op hul ou dag ontnugter en eensaam was."

Genl Hertzog was ontnugter met die politieke rigting wat die voorstanders van eksklusiewe Afrikaner-nasionaliste soos JG Strijdom, HF Verwoerd en Blackie Swart ingeslaan het. Hulle wou 'n republiek hê wat heeltemal onafhanklik van Brittanje sou staan terwyl JBM Hertzog 'n onafhanklike land met behoud van bande met die Britse Ryk wou hê.

Voorts het genl Hertzog (volgens die boek van Piet Meiring) onder die term Afrikaners alle volkswaste Engelssprekende en Afrikaanssprekende landgenote bedoel,

"almal wat Suid-Afrika as 'n tuiste geskies het". Sy geveg was eerder teen "uitlanders en vreemde fortuinsoekers" soos 'n sekere sir Thomas Smartt (die destydse leier van die opposisie) wat homself eerstens as 'n imperialis, en dan as 'n "Afrikaner" beskou het.


ALBERT HERTZOG SE ontugtering het gekom nadat hy in 1977 deur Jaap Marais as leier van die HNP uitgestoot is. Dit sê Martie Hertzog nie, maar 'n voormalige HNP-lid wat an oniem wil bly. "Ek dink hy was teleurgesteld omdat sy belowende politieke loopbaan nie op 'n hoogtepunt uitgeloopt het nie. Hy het gemeen dat hy nooit die rol gespeel het wat 'n seun van genl Hertzog behoort te gespeel het nie".

Hy verduidelik die finale breuk tussen Hertzog en Marais só: "Dit was meer 'n kwessie van persoonlike styl as 'n verskil in politieke siening. Dr Hertzog kon nie die emosies roer nie omdat hy 'n intellektueel was - mens kan maar sê 'n koel, afsydige mens. 'n Baie fyn gentleman, eintlik te fyn vir die robuuste Afrikaner-politiek."

Moontlik ook te fyn vir die robuuste literatuur van ons tyd. Soos die baklei wat hy gehad het met die Akademie vir Wetenskap en Kuns ná die toekoming van die Hertzogprys aan Etienne Leroux vir *Mag-ersfontein, O Magersfontein*. Hy het ernstig beswaar gemaak daarteen dat sy pa se naam gekoppel word aan so 'n "onsmaaklike belletristiese werk".

In die sitkamer van Martie Hertzog se huis staan 'n televisiestel. Albert Hertzog was bekend daarvoor dat hy 'n sterk teenstander van televisie was omdat dit die volksmoraal sou afbreek.

"Hy het my toegelaat om televisie te kyk, maar het nooit self gekyk nie," sê sy en lag haar innemende lag.



Archbishop Desmond Tutu and the Archbishop of Canterbury, the Most Reverend George L. Carey

CAREY visited Cape Town to attend the first ever meeting in South Africa of the Anglican Consultative Council and the Primates (archbishops from the nearly 80 countries of affiliated churches). Coming from a working-class background, he seems to be the very kind of man, one would like to think common man, people would like to see in such a powerful position. After all, the Church of England is about the only State Church left in this world. Here are a few questions posed to him on this and other matters.

How would you describe the Anglican Church to a non-Anglican?

The Anglican Church has always claimed to be both Catholic and Reformed. We feel that at the Reformation we did not lose anything of significance. There is a continuation of creeds and tradition and that kind of thing, an awareness of mystery and all that. At the same time a return to the Bible, to fundamentals, to credal faith.

That's why I say we believe essentially in three things: in dispersed authority, Bible tradition and reason. We are rather untidy shirts because of this. That's why both ends like some tough rigid Roman Catholics would find us very difficult to live with and so would some fundamentalists. They would think we're rather woolly. But actually I'm quite happy with woolliness. [He gets some eyeball from a member of the Communications Department sitting in on the conversation.] Right [a small laugh], let me correct myself. I'm content with untidiness, it's not woolliness. The untidiness of saying that the richness of the mystery of theology is to be found in blurred edges and God leads us on and I know where I am in terms of a Christian

The comforting untidiness of faith

The Archbishop of Canterbury, *the Most Reverend George L. Carey*, has the kind of face you would not notice in a crowd. But in an interview with this pale Englishman, **INA VAN DER LINDE** discovers that the word "plainness" can also mean unpretentious, approachable, self-critical, down-to-earth. She also finds him an excellent communicator, compassionate and, lo and behold, authoritative - that very awe-inspiring word theologians like to use

who definitely believes fundamentally in the reality of God, in the primacy of Jesus Christ, in the resurrection and all that, quite unwavering in all those things. But I'm prepared for the questions. Questions are important for us. And all the time the Christian Church is in the business of taking what is old and putting it over in fresh forms and in relevant terms.

You have been in conversation with the Roman Catholic Church about unity for quite some time now. Recently ARCIC [the joint Anglican/Roman Catholic International Commission] came out with a report that was rejected by the Vatican, saying that there is now less doctrinal agreement between the Catholic Church and the Anglican Church than before. What was your response to it?

I was very disappointed because I did see it as a serious blow to our ecumenical relationship. In my letter to the Holy Father I said I thought the Vatican's response showed a misunderstanding of the methodology of ecumenism.

The whole point I am trying to make is that when two groups of theologians get together you find a new way to work together and if the assumption is unity on our terms, then no unity is possible. There's got to be a sense in which two groups can move to a central position, trying to move in a fresh way.

Ecumenical methodology works from the premise that neither has the whole truth [a laugh] and we are seeking for God's truth. I felt that the response actually was quite a return to a pre-Vatican II theology, or methodology. It was a blow but both churches are thoroughly committed to unity one day in the future. I would love to see it in my lifetime - I don't think I will - but every year that passes we see a deeper increasing unity among all the churches and we can take comfort in that.

What would you view as the main stumbling block towards progress to unity with Rome? Are there certain issues that are more important than others?

There are a number actually. Where we've got to is an amazing unity on ministry and the Eucharist. That is amazing - to get unity on the Eucharist, which for the Roman Catholic Church is very central, it's an astounding thing. Another thing is under ARCIC II [the more recent international commission] we found the most astounding agreement on justification by faith. Now that started the Reformation, you see.

Now the important sticking points first of all is authority, because the Anglican thinking on authority is quite close to the Dutch Reformed way of authority - it's dispersed, as I've said before, between Scripture, tradition and reason. I'm not a papal figure and we don't have a pope. Roman Catholic authority is hierarchical, papal, vested in the petrine office and comes down from that sort of authority.

Another problem has to do with the infallibility of the Pope. We don't acknowledge the idea of infallibility. Very few of us believe in the infallibility of the church or the infallibility of the Bible. We believe in trustworthiness - but in infallibility? It's difficult.

Another is the Virgin dogmas, the Virgin Mary. I believe we can work through this.

Do you think it's a case that there is no way to unity with Rome without recognition by all of the Pope's infallibility? What is your position on the role of the Pope in a unified church?

I believe actually the Pope must have a position of great honour in a unified church. In the early church the Bishop of Rome was the significant leader and I see no difficulty, no quarrel with that. So that ought to be a recognised position. But it's got to be on the basis of sharing of authority, of benign leadership, on the basis of common agreement, on the faith.

On the question of the Anglican Church as a State Church. It is now being said that Anglicans in England are actually in the minority, with the majority being secularised, or belonging to other religions like Islam. Is it not outdated for the Anglicans to remain a state church?

There is a big controversy going on at home. I think one's got to understand the historical background. At the Reformation the Church of England under Henry the VIII and the Reformists, removed Catholicism as the straight faith. There was only one faith left and that was the Church of England, no other. It was the broad church who tried to encompass the Catholic and the Reformed. Within a hundred years other Protestant groups came into existence, like the Presbyterian Church.

So we reach a point today where the Church of England is still, in terms of what it represents, a majority - 40 percent of all children baptised in England are Anglicans. There are 20 to 25 million baptised Anglicans. That indicates even today a substantial investment by the Church of England in the people. I've gone on record as saying that the Church of England is not in a defensive position over the question of establishment. We are quite happy to take part in that debate. I don't think disestablishment is in the interest of the nation. The whole process would be a very complicated one and has got to go through Parliament, which takes quite a few years to do - and who would actually benefit after this whole complex exercise?

Well, I can tell you who would not benefit: the people of England. What would happen is the parish church to which they belong, to which all people of England have a right to go to, to be married in, to be baptised in, to have the sacramental administrations of the priest, that would no longer be the case. They would have no fundamental right. I see establishment not in terms of privilege but in terms of service to the community. That's why Anglicanism is still very rich in terms of education, a quarter of all primary education is Church-controlled, we have a lot of secondary education as well. We also train teachers, we are there in hospitals, in prisons, and in the military services as well. Huge investment. That investment will still carry on if we disestablish, but I wonder if we would benefit at the end of this long, protracted, legal and constitutional argument.

Can you explain the term establishment more clearly?

It means the intricate link between church, state and monarchy and has to do with the way in which the state recognises religion as institutionalised and that religion in the form of Anglicanism has the right to participate at the highest levels of government. So I can actually have access to the Royal Family, I can have access to the Prime Minister. This is very interesting because it means that other faiths regard me and the Bishops in the House of Lords as their representatives.

Despite the fact that they might not even be religious?

Oh absolutely. In fact I might say many will come to me and say will you speak for us on these things? On many, many issues we are the voice of the voiceless. We are able to represent other people and it is a privilege to do so. Now, if disestablishment came, I can tell you one thing that will not happen. It will not mean that we will have a reformed disestablishment and other religious leaders will be there. Disestablishment will mean that we have no one there. And people have to realise this.

During your sermon at Malmesbury you said many of the social issues can be attributed to sin and you pointed out that great scientific and technological advances in the modern world have benefitted the privileged rather than the poor. I think we also see this in this country to a large extent. Can you expand on this?

I think it is a natural response of Protestants to think of sin as an individual response. That's only half right. It is a Catholic and Protestant response to say it is individual and corporate. It's individual and social, individual and structural. Through Liberation Theology in the 70s, the concept of structural sin has come into the Christian theology and vocabulary. Of course if one looks at social evils, one can see there are various reasons for this, like unemployment as mentioned. But endemic is the fact that we are fallen, selfish creatures protecting our corner. It is very difficult for those who have to surrender. That is actually where the Christian Gospel comes in to say: the analysis of social collapse at the very heart of that is moral evil. It's our inability to care for one another and it's the opposite of love. The Christian contribution to that debate is a very healthy one. There was a period when people denied the notion of sin. I think we have enough evidence to say not many people are going to argue against it these days.

There is a real fear all over Africa that the Western world is getting disillusioned with Africa and will channel their energy and wealth into Eastern Europe. One of your countrymen, Thomas Pakenham in his book *Scramble for Africa*, expounded specifically the part England, Belgium, France, etc. played in the legacy in Africa and how they contributed to the poverty. You are absolutely right. While here I have been reading a book on the first Anglican

Bishop of Cape Town, Robert Gray, and his wife Sophie. They came in, quite innocently, with European trappings and formations in their minds and transferred a lot of ideas over here. Your point is well made that there is a legacy we have transferred and it is part and parcel of the guilt of South Africa. And when yesterday... the ejaculation from my lips when I saw Kayelitsha, that I am almost ashamed to be white, it was actually a European saying I feel involved in this as well, you know.

The first part of the question: I do not think we had reneged on Africa, but it could be that it is a church leader speaking and we are well aware of the needs of Africa. It's true that there are danger signs that we are so immersed in European politics and our desire for a common market, that a number of people are only looking in that direction. But there is actually an awareness amongst the leaders in our country that we will not allow this to happen. We have huge investments in Africa and one is acutely aware of the poverty and I am going away with a deeper understanding, a greater awareness and commitment to pray and to take an interest.

A last question: Recently the English bishops worked out a compromise for a continued place in the church for those opposed to women priests. Can you expand on that? And at the same time could you explain the decision taken on the same question here at the meeting in Cape Town.

During the joint ACC and Primates meeting, we decided to say no to a push for a separate ecclesiastical jurisdiction to serve parishes opposed to the ordination of women. There can be no possibility of "parallel" or "non-geographical" dioceses to jurisdiction over those that are in opposition to ordination.

The decision taken by the Church of England at Manchester in January stated clearly that we absolutely believe in the integrity of both those who disagree with the ordination of women and those who disagree. It is possible to live together in one church. Those opposed must accept that the majority of the Church welcome the decision taken by the General Synod and must accept that there might be people ordained in their diocese with which they might not agree. But we must see to it that they disagree honourably. Those in opposition must not be victimised, discriminated against when it comes to positions in the Church, and must not be sidelined.

On the other hand, each diocesan bishop will continue to accept full responsibility for the episcopal oversight and pastoral care of all in his charge, whatever their view on this issue. Appropriate arrangements may entail that a diocesan bishop not himself ordaining women, can permit his suffragans or assistants to do so, or he can make arrangements with a bishop from a neighbouring diocese. To facilitate such arrangements we envisage the appointment of not more than three bishops to act as Provincial Visitors with specific responsibility to assist the diocesan bishop in the provision of appropriate ministry.

Het jy al ooit gewonder hoeveel Confuciane daar in Suid-Afrika is? Of hoeveel Indiër-Jode? En of Suid-Afrikaners nog trou en skei - of sommer net saambly? Of hoeveel Europese lande in ons land sou inpas? Of hoeveel Suid-Afrikaners kan lees en skryf? Wel, hier gee ESMAANDERSON jou die antwoorde, bondig saamgevat uit dikwels ontoeganklike bronne. Al wat jy natuurlik nie oor hoef te gewonder het nie, is hoeveel swart, bruin en Asiër lidmate die Afrikaanse Protestantse Kerk het...

Suid-Afrika **en** Suid-Afrikaners in 'n



OOGWINK

GROOTTE:

Die totale oppervlakte van Suid-Afrika is 1 228 376 vierkante kilometer (die onafhanklike en selfregerende tuislande inkluis).

BEVOLKING:

Die bevolking was 38,9 miljoen mense in 1991 (tuislande inkluis) en sal na skatting vanjaar meer as 40 miljoen wees. Dié beraming van die bevolking op 38,9 miljoen in 1991 maak voorsiening vir die ondertelling van die 1991-sensus en sluit ook die tuislande in, bereken met statistieke van die Sentrale Statistiekdiens (SSD) en die Ontwikkelingsbank, soos aangehaal deur die Suid-Afrika Stigting. Die jongste statistiek van die 1991-sensus dui egter op 'n kleiner bevolkingsgetal van 30 986 920 en waar statistiek van die SSD gebruik is, geld dié getal en nie die Suid-Afrika Stigting nie.

BEVOLKINGSDIGTHEID:

In die hele Suid-Afrika is daar 31 mense per vierkante kilometer, hoewel sommige van die tuislande 'n veel hoër bevolkingsdigtheid het. Die tuislande huisves gemiddeld 45 mense per vierkante kilometer, terwyl KwaZulu seker die digste bevolkte tuisland is - 70 mense per vierkante kilometer. Die oppervlakte van Suid-Afrika maak dit groter as Nederland, België, Italië, Frankryk en Duitsland saam - maar in dié lande woon daar omtrent 215 mense per vierkante kilometer, vergeleke met Suid-Afrika se skrale 31.

BEVOLKINGSGROEI:

Sedert die vorige sensus in 1985 groei die algehele bevolking volgens die SSD met 2,15 persent per jaar. Die swart bevolking groei die vinnigste teen 2,39 persent per jaar, gevolg deur Asiërs teen 1,89 persent, bruinmense teen 1,84 persent en witmense teen 1,45 persent per jaar.

VERSTEDELIKING EN BEVOLKINGSVERSPREIDING:

Volgens die 1991-sensus woon die volgende persentasies van die verskillende bevolkingsgroepe in stede:

	1980	1991
Totaal	52,6%	60%
Wit	87,9%	91%
Bruin	75,2%	83%
Asiërs	89,8%	96%
Swart	37,9%	47%

(Dié statistieke van die SSD sluit nie die tuislande in nie.)

Die digste bevolkte dele van Suid-Afrika is die vier groot industriële gebiede: Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging (PWV-gebied), Durban-Pinetown-Pietermaritzburg, Suidwes-Kaapland en Port Elizabeth-Uitenhage. Meer as 'n derde van die land se hele bevolking woon in dié gebiede. Dié vier gebiede saam behels net vier persent van die land se totale oppervlakte - maar verteenwoordig sowat 80 persent van die totale verstedelike bevolking.

BEVOLKING EN SAMESTELLING:

*Van Suid-Afrika se 38,9 miljoen mense (1991-sensus) is 74,8 persent swart, 14,1 persent wit, 8,5 persent bruin en 2,6 persent Asiërs.

BEVOLKINGSGROEP	GETALLE	PERSENTASIE
Swart	29 108 434	74,8
Wit	5 487 018	14,1
Bruin	3 307 776	8,5
Asiërs	1 011 790	2,6
TOTAAL	38 915 018	100,00

Dié getalle sluit die onafhanklike en selfregerende tuislande in.

BEVOLKINGS VAN TUISLANDE IN 1991:

ONAFHANKLIKE TUISLANDE: SELFREGERENDE TUISLANDE:

Bophuthatswana	2 022 177	Gazankulu	742 855
Ciskei	945 314	KaNgwane	636 911
Transkei	3 220 353	KwaNdebele	471 646
Venda	559 548	KwaZulu	5 125 722
		Lebowa	2 755 835
		QwaQwa	308 902
Totaal	6 747 392	Totaal	10 041 871

* Teen die jaar 2000 sal daar 47,5 miljoen mense in Suid-Afrika wees, waarvan na verwagting 78,3 persent swart, 11,4 persent wit, 8,0 persent bruin en 2,3 persent Asiërs sal wees.


TROUKOORS VS SAAMBLIJ

NET 28 persent van die land se mense is getroud, terwyl 62 persent ongetroud is (volgens Westerse wet). Die persentasie ongetroudes bo 18 is egter steeds taamlik laag - 22 persent.


Witmense dink waarskynlik nog trou is perdekoop, want hulle doen dit die graagste - 48 persent van die witmense in die land is getroud, 'n hoë getal as 'n mens in ag neem dat net 14 persent van die 41 persent wit ongetroudes ouer as 18 jaar is.

Naas witmense trou Asiërs die graagste (41 persent is getroud), gevolg deur bruinmense - 28 persent. Net 23 persent swartmense is volgens die Westerse wet getroud.

Dalk omdat hulle so graag trou, skei witmense ook die meeste: 4 persent van al die witmense is geskei, terwyl die persentasies vir bruinmense 2, Asiërs 1 en swartmense 1 is.




HUWELIKSTAAT	TOTAAL	WIT	BRUIN	ASIËRS	SWART
Nooit getroud					
Totaal	19 304 349	2 082 719	2 076 160	510 795	14 634 676
Onder 18jr	12 607 643	1 380 145	1 316 132	362 514	9 548 852
Bo 18jr	6 696 706	702 574	760 028	148 281	5 085 824
Getroud	8 778 966	2 410 481	910 327	407 887	5 050 272
Leef saam	1 241 650	98 895	131 325	9 529	1 001 901
Wedustaat	1 136 762	275 469	114 451	45 377	701 465
Geskei	525 193	200 547	53 456	13 456	258 158
Totaal	30 986 920	5 068 110	3 285 718	986 620	21 646 471



BAIE PAAIE NA DIE EWIGHEID

KYK 'n mens na die tabel hiernaas oor hoeveel mense tot watter kerke of godsdienste behoort, is dit dalk geen wonder dat byna 9,5 miljoen Suid-Afrikans só verward of beswaard was dat hulle nie hul weg oopgesien het om hul kruisie in een van die blokkies te trek nie. Tel nog hierby die 24 212 mense wat tot ander gelowe behoort as dié waarvoor die sensusvorme voorsiening gemaak het, en jy sit met 'n nasionale verwarring op Babelse skaal. Dit is ag genome, lyk dit asof die meeste Suid-Afrikans wel hul hoofde in verootmoediging buig - soms totaal onverwags, soos die 1 591 swartmense wat hul geloof as Joods of Hebreeus aangedui het, die meer as duisend witmense wat sé hulle behoort tot die Zion Christian Church (ZCC) en die meer as 58 duisend swart Sewende Dage Adventiste.

GODSDIENS/KERK	TOTAAL	WIT	BRUIN	ASIËRS	SWART
NG Kerk	3 212 693	1 597 633	564 278	1 122	1 049 660
Geref Kerk in SA	159 826	120 015	3 525	39	36 248
Ned Hervormd	266 754	246 390	1 357	232	18 775
Church of Prov of SA	137 437	31 571	44 597	868	60 401
Church of England in SA	39 836	18 060	2 557	148	19 401
Church of England	162 429	77 895	4 242	141	80 150
Anglikaans	836 015	164 290	181 587	3 499	486 639
Methodiste	1 813 365	334 119	94 913	1 876	1 382 458
Presbiteriaans	402 198	89 970	5 483	842	305 902
United Congregational	383 622	18 605	129 381	3 678	231 958
Lutherse Kerk van SA	773 631	27 720	81 518	1 628	662 765
Rooms Katolieke	2 343 944	315 403	234 590	13 790	1 780 161
Apostoliese Geloofsend	402 621	225 372	63 167	2 210	111 872
Ander Apostoliese	423 505	125 820	149 291	1 031	147 363
Baptiste	249 028	72 572	18 657	3 373	154 426
Pinkster Protestante	70 344	46 149	18 388	684	5 123
APK	32 175	32 175	-	-	-
Volle Evangelie Kerk	201 909	66 797	24 545	21 692	88 874
Grieks Ortodoks	26 673	23 276	256	56	3 085
Mormone/Latter Day Saints	7 844	5 963	422	89	1 370
Pinkster Kerk	22 185	3 532	11 263	267	7 123
Heilsleër	32 629	3 167	783	35	28 644
Sewende Dage Adventiste	84 112	14 227	10 462	911	58 512
Nuwe Apostoliese kerk	144 727	22 628	98 033	996	23 070
Switserse Kerk	42 610	143	167	25	42 276
Assemblies of God	152 218	15 396	15 688	980	120 154
Zion Christian Church	1 517 021	1 271	4 694	233	1 510 824
Ander swart onaf	5 366 925	6 723	45 096	5 041	5 310 065
Ander Christen kerke	1 274 518	240 774	306 303	59 639	667 801
Joods of Hebreeus	67 654	65 406	471	186	1 591
Boeddhiste	2 391	1 097	139	615	540
Confuciaans	1 498	263	379	149	706
Hindoe	389 573	838	1 481	385 666	1 588
Islam	338 142	1 756	157 815	166 585	11 986
Ander gelowe	24 212	3 119	3 224	5 946	11 922
Geen godsdien	372 604	36 495	12 186	4 332	319 592
Niks vermeld/beswaar	9 208 052	1 011 480	994 783	298 014	6 903 775
Totaal	30 986 920	5 068 110	3 285 718	986 620	21 646 471



HOE GELEERD IS ONS MENSE?

BYNA 45 persent van die Suid-Afrikaanse bevolking is ongeletterd. Suid-Afrikaners het dié vlakke van onderwys gehad (1991-sensus, onafhanklike tuislande uitgesluit en voor aanpassings vir ondertelling):

Geen onderwys (onder 6jr)	3 274 653	12%
Geen onderwys (6-18jr)	1 104 883	4%
Geen onderwys (bo 18jr)	2 566 569	10%
Mate van laerskool-onderrig	6 786 308	26%
Laerskool-onderrig voltooi	1 741 474	7%
Mate van hoërskool-onderrig	6 854 899	26%
Matrikuleer	2 437 046	9%
Mate van hoërskool-opleiding & diploma/sertifikaat	63 540	-
Tersiêre onderrig (graad/diploma)	956 512	4%
Ongespesifiseer	502 507	2%
Totaal	26 288 391	100%

AANTAL LAER- EN HOËRSKOLE IN 1991:

TIPE SKOOL	SWART	BRUIN	ASIËR	WIT	TOTAAL
Staatskole	20 005	2 006	453	3 301	25 765
Spesiale skole*	58	60	18	90	226
Privaat skole*	85	16	47	253	401
Totaal	20 148	2 082	518	3 644	26 392

* Onafhanklike tuislande uitgesluit

VERSPREIDING VAN SKOLIERE/STUDENTE IN 1991:

Pre-primêr	166 173
Laerskool	7 185 517
Hoërskool	2 899 196
Tersiêr/post-sekondêr	585 572
Totaal	10 836 458

Tot 1,7 miljoen swart kinders tussen 6 en 17 jaar is nie op skool nie, terwyl 'n bykomende 1,7 miljoen swart kinders in dié ouderdomsgroep hul skoolloopbane opgeskort het die laaste dekade.

Toename in leerlinge:

Swart leerlinggetalle groei baie vinniger as enige ander bevolkingsgroep. Die toename in leerlinge in staatskole van 1990 tot 1991 (die jongste beskikbare statistiek), lyk so: Swart 5 persent; Asiër 1 persent; Bruin 1 persent en wit 1 persent.

Van die leerlinge op laerskool is 82 persent swart en van dié op hoërskool is 76 persent swart.

Agterstande:

Terwyl 82 persent van wit skoliere matriek bereik, geld dit net 16 persent van swart leerlinge en 20 persent van bruin leerlinge. Die verhouding van primêre tot sekondêre leerlinge is: Swart 2,7:1; Bruin 2,6:1; Indiërs 1,6:1 en wit 1,3:1.

Van al die swart skole is 72 persent laerskole, 13 persent oorgang- of gekombineerde skole en 15 persent hoërskole. Veral in die plattelandse gebiede is daar baie min hoërskole. Van die 5 728 staatsondersteunde plaasskole, is 96 persent laerskole.

Swart onderwys word steeds gekenmerk deur hoër leerling-onderwyser verhoudings as wit onderwys:

Bevolkingsgroep	Onderwyser-leerling	Klaskamer-leerling
Swart	1:40	1:44
Bruin	1:23	1:24
Asiër	1:20	1:28
Wit	1:17	1:20

Aantal universiteite, kolleges en technikon:

	WIT	BRUIN	ASIËRS	SWART	TOTAAL
Aantal Tegniese kolleges	69	14	3	60	146
Studente in Tegniese kolleges	50 907	5 711	5 327	20 293	82 238
Aantal Onderwyskolleges	15	13	2	74	104
Studente in Onderwyskolleges	8 766	7 851	1 726	52 545	70 888
Aantal Technikon	8	1	1	5	15
Studente in Technikon	64 735	8 946	6 743	25 808	106 232
Aantal Universiteite	11	1	1	8	21
Studente in Universiteite	157 464	19 365	21 147	128 238	326 214

WIE WERK VIR WIE?

DIE sentrale regering neem steeds meer wittes as enige ander bevolkingsgroep in diens, en private ondernemings bly die grootste werkverskaffer in die land.

WERKGEWER	TOTAAL	WIT	BRUIN	ASIËRS	SWART
Sentrale regering	756 048	322 038	101 744	25 955	306 311
Prov Administrasie	236 043	68 813	29 337	6 636	131 894
Plaaslike Owerheid	208 043	62 465	34 356	6 094	105 129
Selfregerende gebiede	151 280	3 854	965	426	146 035
Poskantoor & Telkom	94 017	54 583	11 268	2 609	25 556
Openbare ondernemings	253 187	133 750	20 264	2 624	96 549
Private ondernemings	6 634 604	1 585 477	813 988	278 045	3 957 093
Nie-winsgewende org	69 360	36 633	10 143	2 451	20 102
Private huishoudings	957 091	2 657	86 785	1 038	866 611
(T) Werk/nie eko bed	21 626 608	2 797 811	2 176 867	660 741	15 991 190
(M) Werk/nie eko bed	9 516 924	1 128 796	959 241	262 859	7 166 028
